Verandering van die belydenisgrondslag

Die NG kerk gesels oor die moontlike verandering van ons belydenisgrondslag. Hierdie bladsy gaan jou help om te verstaan hoe die belydenisgrondslag moontlik kan verander en sal vir jou inligting gee soos die proses vorder.

Die proses tot op hede het behels dat gemeentelede vir of teen die verandering gestem het. Hierdie stemme sal nog getel word en die resultate sal dan deurgegee word. Hierdie proses vind in al die NG kerke plaas. Die verandering sal plaasvind indien twee derdes van alle gemeentes die verandering goedkeur.

Artikel 1 soos uiteengesit in Kerkorde van 2011

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

Artikel 1 indien die veranderings goedgekeur word

*(Die **vetgedrukte** gedeeltes dui die veranderings aan)*

1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.

2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, **word verwoord in die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius**; en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

2.2 **Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so ’n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as ’n belydenisskrif onderskryf nie.**

3 Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat ’n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.

Het jy nog vrae?

As jy onseker is wat in die onderskeie belydenisgeskrifte staan, kan jy gerus op die titel van die belydenis *click* om die volledige belydenis oop te maak.

Die ekumeniese geloofsbelydenisse:

1. Apostoliese geloofsbelydenis
2. Geloofsbelydenis van Nicéa
3. Geloofsbelydenis van Athanasius

Die drie formuliere van eenheid:

1. Nederlandse geloofsbelydenis
2. Heidelbergse Kategismus
3. Dordtse Leerreëls

Die Belydenis van Belhar

1. Belydenis van Belhar